

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA OLIESADE	DATUM 2018/01/15		DATUM 2018/01/12		+ - WEEK GELEDE 2018/01/08		+ - MAAND GELEDE 2017/12/11		+ - JAAR GELEDE 2017/01/16	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	69.80	0.65	0.9%	69.15	2.4%	68.14	7.8%	64.73	25.3%	55.70
US\$: ? ZAR	12.34	-0.08	-0.2%	12.37	-0.3%	12.38	-9.4%	13.62	-9.1%	13.58
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 680.87	-14	-0.8%	R 1 694.69	*CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Mrt +12:00 die vorige dag					
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 904.35	-68	-3.5%	R 1 972.62	*CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Mrt +12:00 die vorige dag					
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 280.26	-38	-0.9%	R 4 317.94	*CBOT Mrt sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Mrt +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Mar '18	346.00	-2.00	-0.6%	348.00	0%	347.25	-1%	349.00	-12%	394.50
Wheat Mar '18	420.00	-14.00	-3.2%	434.00	-2%	427.75	2%	413.50	-16%	498.25
Soybean Jan '18	944.00	-6.00	-0.6%	950.00	-1%	958.25	-4%	982.50	-8%	1021.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Mrt '18	2850.00	0	0.0%	2850.00	0.0%	2850	0.0%	2850		NA
WMAZ SPOT	2032.00	1	0.0%	2031.00	2.1%	1991	7.1%	1898	-41.4%	3470
WMAZ Jul '18	2170.00	0	0.0%	2170.00	2.0%	2128	6.2%	2043	-5.0%	2284
YMAZ SPOT	2019.00	-1	0.0%	2020.00	0.8%	2003	1.8%	1984	-37.3%	3222
YMAZ Jul '18	2120.00	-1	0.0%	2121.00	0.3%	2114	0.6%	2108	-8.9%	2327
SOY 50 SPOT	4576.00	-17	-0.4%	4593.00	-5.1%	4823	-7.3%	4938	-28.6%	6405
SOY May '18	4621.00	-15	-0.3%	4636.00	-5.0%	4862	-8.9%	5071	-23.0%	6002
SUN SPOT	4775.00	25	0.5%	4750.00	0.4%	4757	5.8%	4513	-13.0%	5491
SUN May '18	4734.00	8	0.2%	4726.00	1.0%	4689	3.2%	4585	-15.0%	5570
WHEAT Spot	3652.00	-31	-0.8%	3683.00	-1.2%	3695	-8.2%	3977		NA
WHEAT Mar '18	3716.00	-27	-0.7%	3743.00	-1.3%	3766	-9.3%	4096	-7.9%	4034
OLIESADE (US\$/ton)	2018/01/12	Bron: Oilworld			2017/12/08	2017/11/13		2016/12/12		
Soya-oil, Arg.	767				1%	762	0%	769	13%	676
Soya-pell, Arg.	338				-4%	353	0%	339	-8%	368
Soybean, Brazil	402				-5%	422	-2%	410	-2%	410
USA Runner 40/50	1225				-2%	1250	-23%	1600	-6%	1300
Sun-oil, Arg.	750				-1%	760	-1%	755	-6%	800
Sun-oil, Black Sea	775				2%	760	3%	750	3%	750
Sunseed, Black Sea	370				1%	368	-8%	400	-10%	409
Rapeseed, EU cif	425				-1%	429	0%	425	7%	399
Palmk oil Mal, EU	1260				-7%	1360	-14%	1470	22%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel 'n bietjie sterker as Vrydag te midde van 'n swakker dollar en plaaslike politieke faktore. Vrydag het die dollar verswak tot 'n vierde maand laagtepunt na verslae dat China dalk sy tesourie-koopstrategie kan verander, waardeur sy groot kompetisie soos die Euro versterk word. Na afloop van die ANC se 106ste verjaarsdagviering, was daar oor die algemeen positiewe sentiment teenoor Cyril Ramaphosa na die lewering van 'n toespraak wat korrupsie aangespreek het en wat die leidende party verenig. Tans verhandel die rand teen sowat R13.35 teenoor die dollar. Op die kommoditeitsfront verhandel oliemarkte naby \$70 per vat na die verbetering van fundamentele faktore. Olievoorrade bly steeds daal en die vraag lyk sterk, wat die moontlikheid van voortgesette stygings in oliepryse aandui. Tans verhandel Brent-ru-olie teen ongeveer \$69,86 per vat.

Sojabone: Die internasionale sojaboonpryse het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week in afwagting vir die nuutste WASDE verslag wat Vrydag deur die USDA bekend gemaak was. Die verwagting vir die verslag was dat dit hoofsaaklik negatief sal wees vir die pryse as gevolg van die verwagte hoër internasionale voorrade en die mark het daarvolgens verhandel. Die groot Amerikaanse voorraad vlakke asook die verbeterde produksietoestande in Brasilië het druk op die internasionale pryse geplaas en het die produksie probleme in Argentinië oorskud. In Vrydag se WASDE verslag was die geskatte internasionale sojaboon voorraad aan die einde van die 2017/18 bemarkingseisoen slegs marginaal hoër aangepas vanaf die vorige skatting se 98.32 miljoen ton tot en met die huidige skatting se 98.57 miljoen ton. Die totale produksie in die USA was effens laer aangepas vanaf die vorige skatting terwyl die Brasiliaanse produksie vir die seisoen ongeveer 2 miljoen ton hoër geskat was tot en met 110 miljoen ton vir die seisoen. Die Argentynse produksie vir die seisoen was ongeveer 1 miljoen ton laer geskat tot en met 56 miljoen ton vir die seisoen. Daar is tans groot internasionale voorraad beskikbaar en dus is die huidige produksie probleme in Suid Amerika nie werklikwaar substansieel genoeg om 'n groot impak op die internasionale voorraad en pryse te maak nie. In die internasionale handelsomgewing het die vraag na Amerikaanse sojabone effens toegeneem die laaste paar weke terwyl daar 'n effense afname was in die vraag na Brasiliaanse sojabone. Die verwagting is dat die Amerikaanse sojaboon uitvoere nou in die 2de helfte van die bemarkingseisoen kan toeneem tot en met die Brasiliaanse nuwe seisoen voorrade die mark binnekom. Oor die algemeen is die Brasiliaanse stroop proses effens later as normaal as gevolg van die seisoen wat later as normaal is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik laer verhandel vir al die kontrak maande wat tans gelys is en het die week Vrydag laer afgesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die mark het onder druk gekom met die internasionale pryse wat hoofsaaklik onder druk was en plaaslik is daar ook steeds groot voorraadvlakke beskikbaar. Daar was ook 'n aanduiding in die mark dat die plaaslike persmage effens onder druk begin kom het die laaste ruk, maar die marge is steeds nog redelik goed positief. Die verwerking van sojabone vir olie en oliekoek was gedurende November naby 95 000 ton wat baie positief was en die verwagting is dat die Desember syfers ook redelik positief behoort te wees. Die nuutste SAGIS maandelikse syfers wat later die maand bekend gemaak word sal 'n goeie aanduiding wees van wat die res van die seisoen verwag kan word.

Sonneblomsaad: 'n Afname in die oliesaad verwerking en produk uitset in Rusland en die Oekraïne sal ontlaar in laer verspreiding van groente olies vanuit hierdie lande waarvan die daling in sonneblomsaad olie die grootste behoort te wees. Die laer sonneblomsaad voorraad as gevolg van die laer sonneblomsaad produksie vir die seisoen in hierdie twee lande sal 'n noemenswaardige afname in die produksie van olie en sonneblom meel veroorsaak vir die seisoen en dus sal die uitvoerbare hoeveelhede daarvan ook daal. Die impak van die laer produksie van sonneblomsaad in is egter nog nie ten volle in rekening gebring nie en was beperk deur die ongewone hoë voorrade van olie inventarisse in die CIS lande. In Argentinië is die sonneblomsaad stroop proses aan die gang en was dit ten einde verlede week gerapporteer om ongeveer 19% voltooi te wees vir die seisoen in vergelyking met die 12% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. Die opbrengste wat gerapporteer word is oor die algemeen beter as wat aanvanklik verwag was. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik in week onder druk gekom en het laer verhandel, maar het weer goeie ondersteuning gevind om die week meestal sterker af te sluit teen Vrydag. Die plaaslike sonneblomsaad mark is tans baie sensitief vir die weerstoestande en die verwagting was dat daar meer sonneblomsaad geplant sou word as gevolg van die seisoen wat laat geraak het vir mielies in die westelike gedeeltes van die land. Daar is tans nog redelik min sonneblomsaad ook aangeplant en alhoewel daar nog 'n baie klein tyd venster is vir die plant van sonneblomsaad sal genoegsame reën baie noodsaaklik wees daarvoor. Die weerstoestande in die volgende paar dae sal fyn doggehou word.

Kanola: Die Kanadese kanola olie uitvoere het gedurende November weereens 'n goeie maande beleef met 'n 7% jaar op jaar toename wat gerapporteer was hoofsaaklik as gevolg van groot verskeppings na Sjina wat steeds voort duur. In Australië is die kanola produksie vir die seisoen beter as wat aanvanklik verwag was en die beter as verwagte produksie daar sal die uitvoerbare hoeveelhede 'n hupstoot gee. Die Europese Unie kanola en raapsaad invoere het 'n nuwe rekord hoogtepunt van 2 miljoen ton bereik vanaf Julie tot Desember 2017 met die meeste van die invoere wat vanaf die Oekraïne verkry was. Die uitvoere vanaf die Oekraïne is nou meestal voltooi en dus is die verwagting dat die EU invoere nou weereens grootliks vanaf Australië verkry sal word met die beter as verwagte produksies daar. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen word volgens die 5de produksie skatting deur die NOK op 92 400 ton geskat wat laer is as die 4de skatting se 96 600 ton. Die plaaslike produksie was onder druk as gevolg van die droogte toestande wat in die Weskaap heers.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za